# DIE SKRYF VAN 'N UNIVERSITEITSGESKIEDENIS

**F J du Toit Spies**
*Universiteit van Pretoria*

Skrywer hiervan werk tans mee aan die skrywe van die geskiedenis van die Universiteit van Pretoria, deel II, 1960—1982. Vandaar sy belangstelling in die onderwerp.* Laat ek met 'n aanhaling begin:

"Daar is sekerlik verskillende maniere waarop mens na 'n universiteit kan kyk. Moontlik kan 'n mens daarna kyk soos deur 'n venster na iets wat veel verder strek en tot die horison reik.

Soos ek hier staan en my blik oor die kampus laat gaan sien ek mense kom en gaan: dosente, studente en andere. Ek sien die geboue, die verkeer — 'n bynes van aktiwiteite. Ek dink met trots en dankbaarheid aan wat bereik is deur dié wat my voorafgegaan het. Ek kyk deur hierdie venster en visualiseer vir myself wat nog bereik kan word deur hierdie groot universiteit.

Ons is inderdaad bevoorreg om die geleentheid te hê om in die paar jaar wat hulle in ons midde verkeer aan ons jeug die kennis en die geleerdheid by te bring waarvoor hulle na die universiteit gekom het. Ons hoop dat ons daarin kan slaag om tot hulle opvoeding by te dra en hulle 'n mate van wysheid te laat toekom wat hulle vir die res van hulle lewe sal bybly.

Ons sal nog meer bevoorreg raak indien ons daarin kon slaag om by hulle te kweek, lojaliteit, integriteit en die ideaal om te dien, eienskappe wat hulle kan meeneem ver buite die grense van hierdie kampus, in diens van die mensdom, in diens van hul volk en in diens van die Republiek van Suid-Afrika.

Dink daaraan dat 'n universiteit soos 'n boek is wat geopen moet word of soos 'n deur wat oopgemaak moet word om daardeur die volle lewe te betree.

Niks meer ... en niks minder nie".

Hierdie aanhaling het ek onder die toesprake van prof E M Hamman, rektor van die Universiteit van Pretoria van 1970 tot 1981, gevind. Maar dit is nie van hom afkomstig nie. Dit is aan hom "voorgesê" in 'n draaiboek wat vir 'n film oor die Universiteit geskryf is. My is nie bekend of hy bygedra het tot die inhoud daarvan nie, selfs nie of hy die woorde wel in die film gesê het nie. Dit gee in elk geval iets weer van die komplekse samestelling van 'n hedendaagse universiteit en die doelstellings daarvan. "Soos 'n boek wat geopen moet word"; in hierdie geval 'n geskiedenisboek.

Daar bestaan baie universiteitsgeskiedenisse, sommige daarvan groot en indrukwekkend. Gewoonlik het hulle die karakter van gedenkboeke, waarin na 'n periode 20, 50 of selfs 500 jaar terug gekyk word op die weg wat afgelê is. Hierdie boeke het meestal 'n amptelike karakter; hulle is in opdrag geskryf. Nou is die voor- en nadele van 'n geskiedenis-in-opdrag wel bekend en welbekend. Die skrywer(s) skryf onder toesig, meestal verkies hulle dit om hulle self van verantwoordelikhede te vrywaar. Die toesig kan swaar of lig wees. Hoe lig ook al, is daar altyd by die skrywer 'n soort selfsensuur aanwesig.

---

*Lesing gehou as ereprofessor voor die hoofbestuur van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, Sept. 1983.

Die skrywer kan nie los-of-vas kritiek uitoefen nie. Dit sal die opset van die werk geweld aandoen. Daar bestaan wel universiteitsgeskiedenisse wat ook die minder gunstige, ook wat persone betref, aan die lig bring. So 'n geskiedenis is gewoonlik meer kleurvol en bevat soms interessante anekdotes. Maar dit is gewoonlik die geval met 'n geskiedenis uit die ver verlede, met die persone wat daarin 'n rol speel reeds oorlede sodat die vermelding van hulle eienaardighede minder gevoeligheid veroorsaak. Maar dit kan moeilik gebeur met 'n boek uit die resente verlede wat tot die huidige strek en waar dit gaan oor persone wat nog aktief in die universiteit staan.

Hiermee kom ons op die kritiek teen resente of eietydse geskiedskrywing. Behalwe die probleem wat hierbo gestel is, is daar die bewering dat die skrywer nog te dig by sy eie tyd staan om perspektief daarop te kry en 'n objektiewe oordeel te vorm. Daarenteen bestaan daar die argument dat die skrywer sy eie tyd beter as die ver verlede kan begryp. Hy is immers deel daarvan en kan die strominge daarvan direk aanvoel. Laasgenoemde argument kan wel waar wees, maar die vraag ontstaan of dit dan nog die geskiedskrywer se taak is om sy eie tyd bloot te lê en te verklaar. Die historikus skryf oor die verlede; dit is die wesenlike van sy dissipline. Daar is nog altyd 'n verskil tussen 'n geskiedenis en 'n verslag.

'n Ander beperking is die feit dat die geskiedenis van 'n universiteit, hoe groot en belangrik die inrigting ook al is, hoogstens 'n stuk plaaslike geskiedenis kan wees. Jy kan moeilik belangstelling daaroor by die algemene publiek verwag. Jou lesers is hoofsaaklik oudstudente en dan maar in 'n beperkte mate, of persone wat in die bewuste tydvak 'n rol gespeel het.

Seker by elke skrywer is daar voortdurend die vraag hoe om sy boek so interessant en leesbaar vir 'n so groot moontlike leserspubliek te maak. As jy 'n gedenkboek van willekeurig watter universiteit ook al lees, dan vind jy daarin gegewens waarin jy met die beste wil van die wêreld nie belang kan stel nie, gegewens van persone van wie jy nog nooit gehoor het nie of van gebeurtenisse wat jou nie die minste kan skeel nie. Selfs die illustrasies, portrette van onbekende persone, foto's van geboue, klaskamers, biblioteke en laboratoria, doen hoogstens verouderd aan.

Tog is dit nie altyd die geval nie en hoef dit ook nie steeds die geval te wees nie. Want universiteite is van soveel waarde in die volkslewe dat die geskiedenis daarvan van meer as net plaaslike belang behoort te wees. Daarby het gedurende die jare sestig en sewentig, waaroor die bewuste geskiedenis van die Universiteit van Pretoria handel, die universiteitswese dwarsoor die wêreld 'n radikale verandering ondergaan. In dié tyd het 'n fenomenale uitbreiding op dié gebied plaasgevind, sowel binne- as buitelands. Studentegetalle het in hierdie jare skouspelagtig toegeneem en gevolglik ook die aantal inrigtings. Dit hou verband met die na-oorlogse bevolkings- en kennisontploffing.

Teen 1960 het die na-oorlogse tendense eers begin deurbreek, het die toename in geboortes eers werklik die inrigtings van tersiêre onderwys bereik. Daar ontstaan 'n wêreldwye toename in studentegetalle, nie alleen vanweë die hoër geboortesyfer nie, maar ook vanweë die sogenaamde demokratisering van die Universiteit. Die leuse is dat elkeen die reg op universitêre opleiding gegun moet word. Die staat het dit in 'n groot mate moontlik gemaak en die toevloei het gevolg.

Naas universiteite wat groter en groter word, ontstaan daar al hoe meer dergelike inrigtings. Om 'n idee van die groei te gee kan op enkele voorbeelde gewys word. In Amerika vind ons die werklike groot inrigtings, meestal van 'n federale aard. Die New York State University het tussen 1960 en 1970 verdubbel in omvang tot 19 kampusse en meer as 350 000 studente. Die ander grote is Kalifornië wat in 1868 in

Berkeley ontstaan het en honderd jaar later 120 kampusse beslaan het met meer as 100 000 studente en 'n jaarlikse begroting van anderhalwe biljoen dollar. Na Berkeley het in 1927 UCLA (University of California at Los Angeles) bygekom. Daarbenewens het ook 'n aantal belangrike navorsingsentrums soos in Davis en Riverside ontstaan. Behalwe die eintlike universitêre inrigtings het die *state colleges* (meestal vir onderwysersopleiding) en *junior colleges* ontstaan met 'n studentetal teen 1970 van 225 000 en 700 000 respektiewelik.[1]

Dieselfde neiging vind ons oor die hele VSA waar in sommige gevalle die praktyk ontstaan om universiteite in "regional systems" saam te groepeer.

Ook in Europa is 'n merkbare toename ondervind. Na die oorlog het terugkerende soldate natuurlik getalle laat groei maar daarna het ander faktore ook daartoe meegewerk. Daar is reeds op die bevolkingsaanwas gewys. Maar ook meer skoliere het langer op skool gebly om die eind- en universiteitstoelatingseksamen af te lê. In Frankryk het die aantal universiteite in die jare sestig van 23 tot 67 vermeerder. Die groot Universiteit van Parys is in 13 selfstandige inrigtings opgedeel, elkeen met sowat 10 000 studente. Ook elders in Frankryk is universiteite wat te groot geword het, opgedeel in twee of meer outonome inrigtings, soos byvoorbeeld in Straatsburg wat tans twee universiteite besit, die een met 'n natuurwetenskaplike en die ander met geesteswetenskaplike inhoud.

Die Britse eilande beskik tans oor oor die 40 universiteite, waarvan sommige so onlangs as aan die einde van die jare sestig tot stand gekom het. Daar is die ou inrigtings soos Oxford en Cambridge en enkele van die Skotse universiteite wat oor eeue van bestaan kan terugkyk, ook genoem die "Grey Stone Universities". Dan is daar die sogenaamde "civic universities" wat in die 19de en die eerste helfte van die 20e eeu ontstaan het, byvoorbeeld Manchester (1880), Durham (1897), Birmingham (1900), Leeds (1904), Sheffield (1905) en Bristol (1909), ook bekend as die "red brick universities". Dan is daar die nuwe universiteite, ook genoem die "plate glass universities" wat na 1950 ontstaan het soos dié van Keele (1962), Brighton (1961), York, Norwich, Colchester, Canterbury en Lancaster. Die aantal studente het gegroei van 20 000 in die begin van die eeu tot 50 000 tussen die twee wêreldoorloë, 120 000 teen 1960, 235 000 in 1971/2 en 280 000 in 1981.[2]

Maar die Engelse stelsel, wat ons hier ook ken, sluit natuurlik talryke ondergeskikte universiteitskolleges in. Dieselfde stelsel vind ons byvoorbeeld in Indië en Pakistan waar die Universiteit van Bombaai 147 000 studente met 119 kolleges tel, en dié van Culcatta 200 000 studente met 200 kolleges.[3] Nog 'n merkwaardige ontwikkeling kom in Japan voor waar 48 inrigtings van universitêre standaard met 113 320 studente in 1946 gegroei het tot 380 met 1,4 miljoen in 1972.

Met alles moet in aanmerking geneem word dat nie alles vergelykbaar is nie. Hoër onderwys neem soveel vorms aan dat jy soms moeilik kan vasstel wat op universitêre peil is en wat nie.

Daar ontwikkel ook deeluniversiteite, dit wil sê inrigtings waar net in sekere rigtings onderwys gegee word en waar die idee van *studium generale* ontbreek. So kan gewys word op die tegniese, landboukundige, teologiese en ekonomiese "hogescholen" van Nederland, waar die akademiese peil gelykstaande of soms hoër as aan 'n gewone universiteit is.

---

1. N J Smelser in J A Perkins (ed), *Higher Education*, pp 23 en 24.
2. *Commonwealth Universities Yearbook*, 1981, Vol I, p 214.
3. D S Kattari in J A Perlans (ed) *Higher Education, from Autonomy to Systems*, p 222.

Nie alleen die omvang nie maar ook die aard van die studentegemeenskap het verander. Ooreenkomstig die sogenaamde demokratisering van die universiteit het elkeen die reg om student te word. Vroeër was dit 'n geselekteerde groep wat student geword het. Vandag is dit minder die geval met as gevolg die groot druipsyfer onder die eerstejaars. Daar kan gesê word dat daar persone op universiteit verskyn wat vanweë ingesteldheid of intellektuele peil nie daar hoort nie. Maar hulle kan die reg nie ontsê word nie.

Dit alles bring geweldige uitgawes vir die staat mee. So iets soos privaat, selfstandige, universiteite bestaan feitlik nêrens meer nie. Die finansiële toelae van die staat is feitlik orals diep in die negentig persent. Dit laat die vraag ontstaan in hoever die universiteite hulle akademiese vryheid ingeboet het. 'n Ontleding van die radikale veranderings in struktuur wat die studente-opstande van die jare sestig in Europa meegebring het, toon egter dat die idee van akademiese vryheid nêrens in die Weste prysgegee is nie. Prof Rautenbach het as rektor van die Universiteit van Pretoria, by geleentheid 'n insiggewende artikel oor *Staat en Universiteit* geskryf, waarin hy ook wat Suid-Afrika betref, die bewering van staatsinmenging verwerp maar tog die afhanklikheid van die universiteit van die staat beklemtoon.[4]

Maar daar ontwikkel tog op 'n subtiele wyse die tendens dat die staat, maar ook ander belangegroepe, resultate van die universiteit verwag, asof die universiteit 'n belegging geword het. Dit hou verband met die na-oorlogse kennistoename, veral op natuurwetenskaplike en tegniese gebied. Daar moet opgeleide mannekrag gelewer word. Dit bring dan verandering in die gerigtheid van die universiteit en 'n mate van tweespalt, want daarteenoor het daar stemme opgegaan dat die opvoedingstaak van die universiteit nie uit die oog verloor moet word nie.

Na aanleiding hiervan, en ook om ander redes, is daar in die verskillende lande kommissies van ondersoek na die aard en pligte van universiteite ingestel. Ons dink aan die bekende Robbins-kommissie in Engeland en in Suid-Afrika die Holloway- en die Van Wyk de Vries-kommissies.

Daar kom druk op ons universiteite om genoeg persone met 'n hoë graad van vakmanskap te lewer: beplanners, navorsers, ontwikkelaars, ondernemers, bestuurders, spesialiste — feitlik almal sleutelpersone. Daar is immers die problematiek van talle knellende vraagstukke. Die samelewing word meer kompleks en die universiteite moet oplossings aan die hand kan doen en so 'n mate van stabiliteit in die samelewing bring.

Die drie rektore wat mekaar aan die Universiteit van Pretoria tussen die jare 1960—1982 opgevolg het, het al drie by verskeie geleenthede oor die wese van die universiteit besin. Prof Rautenbach het universiteite kulturele kragstasies in die samelewing genoem. Hy het die drieledige taak van die universiteit onderstreep: onderwys, opvoeding en ondersoek. Sy opvolgers het ook telkens op hierdie doelstellings gewys. Mettertyd het daar 'n vierde onder die aandag gekom: dienslewering, en wel aan die maatskappy. Dit kom daarop neer dat die universiteit nie in afsondering kan funksioneer nie, maar dat hy die samelewing moet dien.

Vir die geskiedskrywer is dit die taak om vas te stel wat die invloed van die universiteite op die gemeenskap is en omgekeerd. Gewoonlik word daaraan nie veel aandag gegee nie, of dit word as vanselfsprekend aanvaar. Dit is ook moeilik aan te toon. Tog is die plek van die universiteite in die samelewing nie weg te dink nie. Dink aan die wyse waarop die staat soms gebruik maak van die breinkrag wat op universiteite te

---

C H Rautenbach, *Versamelde Geskrifte,* p 179.

vind is, in die samestelling van kommissies van ondersoek; dink aan die taak wat buro's op hulle neem om ondersoek in te stel na die toekoms; dink aan die verskillende institute wat direk navorsing doen en hulle resultate aan die publiek beskikbaar stel; dink veral aan die indirekte en moeilik aanwysbare bydrae wat die Universiteit lewer deur die opleiding van studente wat aan die samelewing 'n sekere kwaliteit van intellektuele en algemeen kulturele lewe besorg. Daar is ook die gevalle waar die universiteite self geskiedenis maak deur middel van studente-onluste en opstootjies wat soms ernstige afmetings kan aanneem.

Met dit alles as agtergrond staan die skrywer nog voor die vraag hoe die geskiedenis van 'n universiteit opgeneem moet word. Waar vind mens die geskiedenis van 'n universiteit? In sy struktuur en administrasie? By sy dosente? In die raadsbesluite? In die senaat of in die vergaderings van die fakulteitsrade? In die lesingkamer? In die vakinhoud van sy departemente? In die navorsing van institute? By die polsende studentelewe met al die onbesonnendheid daaraan verbonde? In elke persoonlikheid wat 'n rol gespeel het? In die groei van getalle? In die uitbreiding van geboue en groei van die kampus? Daar is 'n groot hoeveelheid van aspekte en fasette wat in aanmerking kom. Na my mening moet die element van verandering duidelik uitkom. Tog moet gewaak word teen 'n te sterk kronologiese behandeling.

So 'n geskiedenis moet nie in isolasie geskryf en nie van die buitewêreld geïsoleer word nie. 'n Universiteit is 'n onderdeel van die samelewing. Daarom moet die raakpunte op die gebied van politiek, kuns en kultuur, ekonomie, teologie, tegniek, en soveel meer, nie vermy word nie. Daar is immers 'n wisselwerking. Die geskiedenis van 'n universiteit kan gesien word as 'n onderdeel van die sosiale geskiedenis van 'n samelewing.

Dit gaan ten slotte om kennis, die soek na en die oordra van kennis. Daarom behoort elke vakgebied, elke departement, sy regmatige aandeel te kry. Daar is gewoonlik 'n sterk biografiese element in universiteitsgeskiedenisse, die lewens en bydraes van persone wat 'n rol gespeel het. Ek glo dat dit so moet wees. Maar dan moet ook gesoek word na die opvattings en lewensuitkyk van die studente, die naamlose massa soos dit op verskillende terreine tot uiting kom — of nie kom nie.